

|                           |          |
|---------------------------|----------|
| Verslagwaardig:           | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters:    | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**  
**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA**  
(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA&R 79/04**  
Datum verhoor: / Date heard: **26/08/2004**  
Datum gelewer: / Date delivered: **26/08/2004**

In die saak van:

**PIETERSE, PIET**

Appellant

en

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Musi WnR*

---

**UITSPRAAK OP APPÉL**

---

**LACOCK R:**

- 1] Die appellant is in die Streekhof, Upington, skuldig bevind aan moord deurdat hy na bewering op 11 Desember 1998 ene Manfred van der Westhuizen wederregtelik en opsetlik gedood het. Nadat hy skuldig bevind is, is hy gevonnissen tot twintig jaar gevangenisstraf.

[11] Hoewel dit op die oog af uit die kennisgewing van appél

voorkom dat die appellant slegs teen sy vonnis appelleer, blyk dit uit die behoorlike nalees van sy kennisgewing van appél dat hy hom ook verontreg voel deur die skuldigbevinding.

[12] Terselfdertyd doen die appellant ook aansoek vir kondonاسie vir die laat aflewering van sy kennisgewing van appél. Ek is van mening dat, indien daar vooruitsigte op sukses in die appél is, kondonاسie aan die appellant verleen behoort te word. Dit is vervolgens nodig om te handel met die vraag naamlik of daar vooruitsigte op sukses in die appél self is.

2] In soverre dit uit die kennisgewing van appél blyk dat die appellant hom ook verontreg voel deur die skuldigbevinding, is ons bereid om in die belang van die appellant, die appél teen skuldigbevinding ook te oorweeg.

3] Die feitelike omstandighede waaronder die oorledene gedood is, en soos blyk uit die getuienis deur die Staat aangebied, kan kortliks as volg opgesom word:

[31] Laat gedurende die aand van 11 Desember 1998 het die appellant homself in die geselskap van 'n aantal van sy vriende bevind, waaronder die twee staatsgetuies, Cecil Louw en Bernard Strauss. Op 'n stadium en aan

die buitekant van 'n drinkhuis het daar 'n stryery ontstaan tussen die appellant en ene Emmanuel Ritters. Ritters het die toneel verlaat, en kort daarna het die appellant en sy vriende in dieselfde rigting gestap waarin Ritters vroeër beweeg het.

Ritters en die appellant het bymekaar gekom, en het Ritters die appellant een hou met 'n plank teen sy kop geslaan, waarop hy (Ritters) weggehardloop het.

Die appellant het agter Ritters aangehardloop en is gevolg deur die oorledene wat op daardie stadium met sy meisie in die straat staan en gesels het, asook deur van die vriende wat saam met die appellant die aand verkeer het.

Ritters het om 'n straathoek gehardloop en oor 'n heining van 'n woonerf gespring en homself uit die voete gemaak. Voor die heining het die appellant tot stilstand gekom, en het die oorledene ook tot by hom gehardloop. Die oorledene en van die vriende van die appellant het gepoog om hom te keer om verder agter Ritters aan te gaan en hom versoek om die tersaaklike woonarea te verlaat.

- [32] Louw getuig dat die oorledene sy arms na die appellant uitgesteek het in 'n poging om hom te laat afsien daarvan om Ritters verder te volg, en op daardie stadium het die appellant 'n mes wat hy in 'n skede by hom gedra het, te voorskyn gehaal en die oorledene

een hou daarmee in die omgewing van sy linker sleutelbeen gesteek. Strauss kon nie onthou dat die oorledene sy hande na die appellant uitgesteek het nie, en getuig dat die appellant sy hande in sy broeksakke gesteek het toe hy by die appellant aangekom het en hom bloot op 'n rustige en kalm wyse versoek om sy aanval op Ritters te staak en die area te verlaat. Hierop het die appellant sy mes te voorskyn gehaal en die oorledene een hou daarmee op sy linker skouer gesteek.

[33] Beide die voormelde staatsgetuies getuig dat die appellant vroeër daardie dag die tersaaklike mes (en wat ook as 'n tipe dolk beskryf is) by 'n ander persoon genaamd Preen afgeneem het en in sy besit gehad het gedurende die tersaaklike aand.

4] Dit is gemeensaak dat die appellant die persoon was wat die oorledene met hierdie mes gesteek het, en dat die steekwond die aorta van die oorledene gedeeltelik deurgesny het en tot 'n diepte van ongeveer elf sentimeter die liggaam van die oorledene binne gedring het en die linkerlong van die oorledene getref het, en dat hierdie steekwond die dood van die oorledene tot gevolg gehad het.

5] Die appellant het in sy eie verdediging getuig, en aangevoer

dat, nadat Ritters hom drie houe met die plank geslaan het, hy Ritters gejaag het, en dat hy toe deur ongeveer vyf persone aangeval was wat hom aangerand het en van sy beursie beroof het. Nadat hy daarin geslaag het om van hierdie persone weg te kom, het die oorledene van skuins oorkant die straat na hom gehardloop gekom met 'n mes in die hand en hom daarmee aangeval. Hy beweer dat hy daarin geslaag het om die aanvalle te ontduik, en dat hy sowel as die oorledene oor 'n hoop rommel gestruik het en waarop die mes wat die oorledene sou gehad het, op die grond beland het. Hy het die mes opgetel. Hierop het die oorledene wat in 'n half sittende posisie op sy knieë was, hom aan sy lyfband aan die linkerkant van sy lyf gegryp. Die appellant sou toe na sy regterkant omswaai en een hou met die mes na die oorledene steek wat hom in sy linkerskouer getref het.

Die appellant se verweer was dus een van noodweer.

- 6] Die Landdros het myns insiens heeltemal tereg die weergawe van die appellant as vals en nie redelik moontlik waar nie, verwerp en die weergawes van die staatsgetuies aanvaar.

[61] Hoewel daar geringe verskille was in die weergawes van die twee staatsgetuies ten aansien van die gebeure self, is dit myns insiens te begrepe dat sodanige

verskille in die getuienis van getuies wat duidelik onder die invloed van drank was en vinnig bewegende tonele moes weergee, sou voorkom. Die Landdros was dan ook duidelik hierop bedag, en het, weereens heeltemal tereg, bevind dat die getuies mekaar in alle wesenlike opsigte staaf. Die mees belangrike hiervan is naamlik dat die oorledene geensins die appellant aangeval het soos hy beweer nie, maar dat hy alleen die rol van vredemaker vertolk het.

[62] Voorts het die Landdros in sy uitspraak gewys op die talle weersprekings en onwaarskynlikhede in die getuienis van die appellant. Hierdie kritiek is myns insiens geregverdig, en ek vind dit nie nodig om na al hierdie weersprekings en onwaarskynlikhede in die getuienis van die appellant te verwys nie.

7] Uit die getuienis van die staatsgetuies is dit glashelder dat die oorledene op geen stadium die appellant aangeval het of hom op enige wyse bedreig het nie. Die aanval deur die appellant op die oorledene was totaal en al ongeregverdig en onnodig. Die oorledene het bloot as vredemaker probeer verhoed dat die appellant Ritters verder agtervolg en of aanval.

[71] Die weergawe van die appellant naamlik dat die oorledene gewapen met 'n mes op hom afgestorm het

en gepoog het om hom daarmee te steek is ooglopend 'n weergawe wat die appellant uit sy duim gesuig het ten einde sy eie wederregtelike gedrag te probeer regverdig.

8] Uit hoofde van die voorgaande is daar geen meriete in die appél teen skuldigbevinding nie, en kan dit nie slaag nie.

9] Wat vonnis aanbetref, blyk dit uit die uitspraak dat die Landdros hom, heeltemal tereg so, gebonde geag het aan die tersaaklike voorskrifte van die Strafwysigingswet nr. 105 van 1997. Hy het korrek geoordeel dat hy verplig was om aan die appellant die minimum vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf soos voorgeskryf in Deel II van Bylae 2 daartoe, op te lê tensy hy sou bevind dat daar wesenlike en dwingende omstandighede aanwesig was wat hom sou regverdig om 'n mindere vonnis op te lê.

[91] Die Landdros het hom egter wanvoorgelig ten aansien van wat kwalifiseer as wesenlike en dwingende omstandighede. In hierdie verband sê die Landdros die volgende:

*“So in die vonnis is daar die gebruiklike riglyne wat die hof in aanmerking neem. Nou is dit ongelukkig so dat die gebruiklike riglyne wat die hof in aanmerking neem by die vonnisoplegging baie afgewater is na die inwerkingtreding van Wet 105*

van 1997.”

en

“Hierdie hof is van oordeel in elke geval dat daar geen dwingende of wesenlike omstandighede bestaan wat ‘n ligtere straf regverdig nie. Dit is geykte reg in Noord-Kaap in elke geval dat daar uiters besondere omstandighede moet bestaan wat in die normale loop van omstandighede nie in sake van hierdie aard gevind word nie.”

Hierdie benadering van die Landdros is nie ooreenkomstig die reg nie, en weerspieël ‘n wanopvatting van die betekenis van die tersaaklike voorskrifte van Wet 105 van 1997. Sien **S v Malgas 2001 (1) SASV 469 (HHA)** waar **Marais AR** die volgende gesê het te **477 h tot 478 b**:

“There is no indication in the language it has employed that it intended the enquiry into the possible existence of substantial and compelling circumstances justifying a departure, to proceed in a radically different way, namely, by eliminating at the very threshold of the enquiry one or more factors traditionally and rightly taken into consideration when assessing sentence. None of those factors have been singled out either expressly or impliedly for exclusion from consideration.

*To the extent therefore that there are dicta in the previously decided cases that suggest that there are such factors which fall to be eliminated entirely either at the outset of the enquiry or at any subsequent stage (eg age or the absence of previous convictions), I consider them to be erroneous. Equally erroneous, so it seems to me, are dicta which suggest that for circumstances to qualify as substantial and compelling they must be 'exceptional' in the sense of seldom encountered*

*or rare. The frequency or infrequency of the existence of a set of circumstances is logically irrelevant to the question of whether or not they are substantial and compelling."*

en

"All factors (other than those set out in D above) traditionally taken into account in sentencing (whether or not they diminish moral guilt) thus continue to play a role; none is excluded at the outset from consideration in the sentencing process."

(te **482 c**).

[92] Die voorgaande benadering gevolg deur die Landdros, het tot gevolg gehad dat hy nie behoorlike oorweging gegee het aan die persoonlike omstandighede van die appellant nie, en ook versuim het om oorweging te gee aan ander tersaaklike faktore soos byvoorbeeld die soberheidstoestand van die appellant ten tye van die pleeg van die misdryf, en die vraag naamlik wat die opsetvorm was waarmee die appellant die oorledene die fatale wond toegedien het.

[93] Ek is van mening dat die Landdros, waarskynlik weens die toepassing van 'n foutiewe toets ten aansien van die betekenis van die begrip "*wesenlike en dwingende omstandighede*" kragtens art 51 (3) (a) van Wet 105 van 1997, verkeerdelik bevind het dat daar nie wesenlike en dwingende omstandighede in hierdie aangeleentheid aanwesig was wat hom sou regverdig

om 'n ligter vonnis dan die voorgeskrewe vonnis van vyftien jaar op te lê nie. Na my mening kwalifiseer die volgende omstandighede as wesenlike en dwingende omstandighede:

- [9.31] Die beskuldigde was duidelik die tersaaklike nag onder die invloed van sterk drank. Dit verg geen deskundige om te weet dat 'n persoon wat onder die invloed van drank is, nie dieselfde rasionele en gedissiplineerde beheer oor sy denke en doen en late het soos 'n nugter persoon nie.
- [9.32] Dit blyk verder dat die appellant onmiddelik voordat hy die oorledene gestek het, erg geïrriteerd was deur mnr Ritters wat hom met 'n plank oor die kop geslaan het. Trouens, hy was sodanig geïrriteer dat hy Ritters agterna gesit het, en dit kan aanvaar word dat, op die stadium toe die oorledene by hom aangesluit het, hy steeds kwaad en geïrriteerd was. Hierdie gemoedstoestand van die appellant het waarskynlik daartoe bygedra dat hy nie sy handeling rationeel ingelig het nie.

- [9.33] Dit blyk uit die getuienis van mnr Strauss dat daar ook van die vriende van mnr Ritters in die onmiddellike omgewing was waar die appellant hom agternagesit het. Dit is gevolglik verstaanbaar dat die appellant onder die indruk kon verkeer dat die oorledene een van die vriende van mnr Ritters was, en dat hy hom wou verhinder om by Ritters uit te kom.
- [9.34] Myns insiens gaan die staatsgetuienis nie sover dat daarvan die enigste redelike afleiding gemaak kan word dat die appellant die direkte opset gehad het om die oorledene te dood toe hy hom met die mes gesteeke het nie. Indien in ag geneem word die getuienis van mnr Louw tot die effek dat die oorledene die appellant om sy lyf gegryp het in 'n poging om hom te verhinder om Ritters verder te agtervolg, is die afleiding eweneens geregverdig dat die appellant bloot na die oorledene gesteeke het ten einde hom van hom weg te kry sodat hy sy agtervolging van Ritters kon voortsit. Die getuienis is vervolgens eweneens versoenbaar met 'n redelike afleiding dat die appellant nie die oorledene gesteeke het met die opset om hom te dood nie, maar dat hy besef het dat die oorledene kon sterf as gevolg

van die steekwond wat hy hom toegedien het, maar nie omgee het of hy sou sterf nie en desnieteenstaande voortgegaan het om hom te steek. Dit moes dus bevind gewees het dat die opsetvorm waarmee die appellant die oorledene gestek het, een was van *dolus eventualis*.

[9.35] Die appellant was nog relatief jonk ten tye van die pleeg van hierdie misdryf. Hy was slegs 26 jaar oud.

[9.36] Dit blyk ook dat die appellant 'n bestendige werksrekord gehad het voor die pleeg van hierdie misdryf. Hy was vir 'n ononderbroke tydperk van tien jaar werksaam as 'n leerling elektrisiën by 'n elektrisiteitsonderneming. Daarna was hy tot en met die pleeg van hierdie misdryf in diens van Oranje Koöperasie in 'n vleisverwerkingsafdeling van die Koöperasie. Hy het homself dus bewys as 'n deugsame lid van die publiek.

[9.37] Dit blyk ook dat die appellant in 'n huweliksverhouding met 'n vrou saamgeleef het met wie hy nie getroud was nie, en wat die moeder is van sy twee kinders. Dit blyk nie dat

daar enige lewensgebrek tuis was nie en dat hy sy gesin behoorlik versorg het.

10] Teenoor die voormelde versagtende omstandighede, is dit natuurlik ook so dat die appellant reeds 'n aantal vorige veroordelings vir onder andere aanranding en aanranding met die opset om ernstig te beseer op sy kerfstok het. Hierdie vorige veroordelings is as volg opgesom in die oorkonde:

*“1993 is die beskuldigde skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en gevonniss tot sewe houes met 'n ligte rottang.*

*1993 skuldig aan aanranding met die opset om ernstig te beseer. Gevonniss tot 12 maande gevangenisstraf. Waarvan vyf maande opgeskort is vir 'n tydperk van vyf jaar.*

*1993 is die beskuldigde skuldig bevind aan aanranding. Gevonniss tot vyf houes met 'n ligte rottang.*

*1994 is die beskuldigde skuldig bevind aan aanranding en gevonniss met 'n boete van R80.00 of veertig dae gevangenisstraf.*

*1996 skuldig an aanranding met die opset om ernstig te beseer. Gevonniss tot ses maande gevangenisstraf.*

*1997 skuldig aan diefstal. Gevonniss tot 'n boete van R800.00 of vier maande gevangenisstraf opgeskort vir vier jaar.*

*1998 skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer en gevonniss tot drie maande gevangenisstraf.”*

Wat wel uit hierdie vorige veroordelings van die appellant blyk, is dat hy nog nie vir 'n lang periode gevangenisstraf

uitgedien het nie.

[101] Uiteraard was die Landdros korrek om die sinnelose wyse waarop die oorledene gedood is, as verswarend teen die appellant in aanmerking te neem.

[102] Eweneens was die Landdros geregverdig om die groot hoeveelheid moorde en die toename daarin wat in sy gebied voorkom, in ag te neem.

11] Die enigste motivering waarom die Landdros dit goed geag het om die appellant 'n swaarder vonnis as die minimum voorgeskrewe vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf op te lê, is as volg deur hom bewoord:

*“Maar as ons na die hele situasie kyk en u geneigdheid oor die jaar om herhaalde male mense te beseer en wat uiteindelik gelei het tot die dood van 'n onskuldige slagoffer dan is dit baie duidelik dat u verwyder moet word uit die gemeenskap.*

*Ek moet u die minimum vonnis oplê.*

*Maar ek is van oordeel dit is nie van pas, dit is ook nie voldoende nie. Dit is duidelik dat ek u geheel en al uit die gemeenskap behoort te verwyder. Ek gaan dit doen. Daarom gaan ek ook van die plus vyf jaar gebruik maak.”*

[111] Na my mening is hierdie stelling van die Landdros geensins geregverdig nie. Die omstandighede

waaronder hierdie misdryf gepleeg is, is myns insiens nie aanduidend daarvan dat die appellant sodanig gewelddadig van aard is dat hy op sy jeugdige ouderdom vir 'n periode van twintig jaar uit die gemeenskap verwyder behoort te word nie. Ek is van mening dat die vonnis van twintig jaar die appellant opgelí, skokkend swaar en onvanpas is, en dat geen redelike hof 'n soortgelyke vonnis sou opgelí het met inagneming van alle tersaaklike omstandighede nie.

12] Uit hoofde van die voorgaande is ons vervolgens bevoeg om die vonnis wat die appellant opgelí moes gewees het, van nuuts te oorweeg.

[121] Met inagneming van wat hierbo gesí is, sou ek die appellant hoogstens vir 'n periode van twaalf jaar na die gevangenis gestuur het.

13] Bygevolg word die volgende bevel verleen:

**I) DIE AANSOEK OM KONDONASIE VIR DIE LAAT LIASSERING VAN DIE KENNISGEWING VAN APPÉL WORD TOEGESTAAN.**

**II) DIE APPÉL TEEN SKULDIGBEVINDING WORD VAN DIE HAND GEWYS.**

**III) DIE APPÉL TEEN DIE VONNIS DIE APPELLANT  
OPGELÊ SLAAG, EN DIE VONNIS OPGELÊ DEUR  
DIE VERHOORHOF WORD TER SYDE GESTEL EN  
VERVANG MET DIE VOLGENDE:**

**12 (TWAALF) JAAR GEVANGENISSTRAF.**

**IV) DIE VONNIS WORD TERUGDATEER NA 3 MEI  
2000.**

---

Hj Lacock  
**REGTER**

Ek stem saam.

---

CJ Musi  
**WAARNEMENDE REGTER**

*Namens appellant:* In persoon

*Namens respondent:* Adv CG Jansen